VOORTREKKERMONUMENT DRAF- EN STAPKLUB PERSVERKLARING

Die Voortrekkermonument Draf- en Stapklub is in November 2006 gestig. In die begin was daar slegs 22 lede, maar die ledetal het sedertien gegroei na 77. Hierdie klub strewe daarna om aan Afrikaanse atlete 'n besondere tuiste kan bied waar hulle hul sport en kultuur met passie kan uitleef. Die Voortrekkermonument Draf- en Stapklub het homself die afgelope 4 jaar as een van die bestes in die land gevestig en bied jaarliks drie wedlope aan, naamlik die Dinamika Makelaars Springbok Vasbyt, die Value Logistics Ou Voetpad Bergwedloop en die Muller Potgieter Gedenkwedloop. Bovermelde wedlope is al deur verskeie gesaghebbende sportydskrifte en ander instansies as een van die top tien padwedloopbyeenkomste in die land aangewys. In 2006 is die Springbok Vasbyt as die beste wedloop in die land aangewys. Laasgenoemde wedloop word op die Erfenissterrein rondom die Voortrekkermonument aangebied en het 'n besondere karakter deurdat Harvardsgevegsvliegtuie oomblikke voor die klap van 'n kanonskoot wat die begin van die wedloop aankondig, by die wegspring verbyvlieg. Hierdie wedloop bring ook jaarliks hulde aan oud gevegsoldate van die voormalige Suid-Afrikaanse Weermag.

Die Voortrekkermonument Draf- en Stapklub het twee ker per week kluboefeninge by die Erfenisterrein van die Voortrekkermonument. Die kluboefeninge vind Dinsdae- en Donderdagaande om 17h30 plaas en lede het die uitsonderlike voorreg om op die terrein te oefen wat besondere bakens insluit soos die Voortrekkermonument, Fort Schanskop, Die Amfiteater, Die Muur Van Herrinnering, Die Erfenissentrum, Die Danie Theron Standbeeld en die Gedenktuin. Die oefenroetes sluit, teer-,grond-, en enkelspoor voetpaaie in, en lede word gereeld verras met die teenwoordigheid van Springbokke, Rooibokke, Blou Wildebeeste, Sebras, Blesbokke, Meerkatte, en Tarentale. Die klub doen ook moeite om almal se spoed te akkommodeer en daar is deurentyd wagte teenwoordig tydens oefeninge om na die lede se veiligheid om te sien.

Lidmaatskap kos 'n skamele R270-00 per jaar en dit sluit jou wedlooplisensiegelde en lidmaatskap as Vriend van die Voortrekkermonument in. Laasgenoemde lidmaatskap voorsien aan lede van die klub die voorreg om die terrein van die Voortrekkermonument enige tyd gratis te betree, asook gratis toegang tot die fietsrybaan en ander voetpaaie. Ander voordele as Vriend van die Voortrekkermonument sluit in 'n spesiale sertifikaat en lapelkenteken, 'n spesiale lidmaatskapkaart vir gratis toegang vir een voertuig per besoek tot die terrein en die monument, 10% afslag vir elke lid, plus een persoon, vir die Sondagmiddagbuffet wat by die Monument Restaurant genuttig kan word, en uitnodigings teen 'n verlaagde tarief na spesiale funksies en toere.

Deur aan te sluit by die Voortrekkermonument Draf- en Stapklub kry jy die geleentheid om deel te word van die bewaring van die Afrikaner se Erfenis, en ook die Afrikaner se kultuur te bevorder terwyl jy saam met mede Afrikaners draf, stap en sosiaal verkeer. Die Voortrekkermonument Draf- en Stapklub het ook 'n sterk Christelike karakter en al die wedlope wat ons klub aanbied en alle klubvergaderings word met gebed geopen. 'n Afrikaanse nuusbrief, Die Voorslag, word ook maandeliks versprei waar lede op hoogte gehou word van alle klubnuus en ander gebeure. Meer inligting insake die Voortrekkermonument Draf- en Stapklub kan gevind word by www.vtmklub.co.za. Kom sluit sommer vandag by ons aan en begin 'n nuwe hoofstuk in jou lewe wat gekenmerk word deur fiksheid en bevordering van taal, kultuur en erfenis. Jy kan aansluit deur vir Leon Bezuidenhout te kontak by 082 326 0405 of leon@mboneni.co.za.